

Liturg: Ds Johan Willemse

Teks

Jesaja 6

Fokusvers:

Jesaja 6:7-8

Tema:

“Hier is ek! Stuur my!”

Datum:

06 September 2026

1. Inleiding

Geliefdes in ons Here,

Wanneer ons na die profete in die Ou Testament kyk, dan kan ons twee belangrike dele van hulle bediening uitlig:

- Aan die een kant kry ons hulle **prediking**:
 - Die profete het gedurig die volk aangespreek oor hulle sonde of gewaarsku oor God se oordeel. Hulle het ook dikwels 'n boodskap van bemoediging gehad en die volk herinner aan God se getrouheid. Dit is die deel van die profete wat ons goed ken – 'n persoon wat deur God gestuur word om sy Woord te verkondig, uniek aan hulle omstandighede in die geskiedenis.
- Maar dan is daar ook 'n ander kant van 'n profeet se bediening, en dit is hulle **roeping**:
 - Voordat die profete na die mense toe gaan, verskyn hulle allereers voor die Here om hulle opdrag en sending te ontvang. By die meeste profete het hulle roeping 'n reuse-impak op hulle lewe. Ons sien dit veral op 'n treffende wyse in Jesaja se lewe...

Die dag toe die Here vir Jesaja geroep het, het alles verander. Sy oë het oopgegaan en sy siening van die wêreld het heeltemal nuut geword. Dit het verander hoe hy dink oor sonde en verlossing, hoe hy dink oor homself en die volk se omstandighede. Die res sy bediening vloei hieruit voort soveel so dat hy tot aan die einde van sy prediking sal terugverwys na dít wat hy daardie dag beleef het. Dit is ook hier waar Jesaja sy hele lewe aan God se diens gewy het.

En dit het alles begin, in Jesaja se woorde, toe hy: “*sy Heer gesien het...*”

2. Liggaam

2.1. Jesaja ontmoet die Allerheiligste Koning

In vers 1 lees ons dat Jesaja geroep is in die jaar toe koning Ussia gesterf het. Onder sy koningskap het die volk baie voorspoed beleef. Dit was 'n tyd van byna ongekende welvaart en vrede, vir beide Israel en Juda. Daarom was sy afsterwe 'n donker dag. Nou dat die koning dood is, het die mense gewonder: *“Wat sal met ons gebeur? Wie gaan ons help en lei? Wie gaan ons bewaar teen die gevaar van die Noorde?”*

Maar geliefdes, juis in hierdie oorgangstyd, 'n tyd waar die aardse koning gesterf het en die troon van Israel leeg was - in 'n tyd van onsekerheid en onrustigheid, openbaar die Here Homself aan Jesaja.

Jesaja sê: *“In die sterfjaar van koning Ussia het ek **my Heer** sien sit op 'n hoë en verhewe troon.”* Hy sien nie maar net 'n koning nie; hy sien die **almagtige en ewige Koning**. Hy sien die Koning wie se troon vas staan – hoog bo elke mag en gesag, elke krag en heerskappy, en wat daar ook al sprake van mag wees. Hy sien die Koning van alle Konings en die Heer van alle Here.

Om die majesteit van hierdie grote Koning oor te dra, beskryf Jesaja twee dinge:

➤ Eerstens beskryf hy wat hy **sien**:

Hy sien God op sy ewige troon. Hy sien dat die Here se heerlikheid so geweldig is, dat selfs net die *“some van sy kleed die tempel”* rondom Hom gevul het.

Hy sien egter ook serafs. Seraf beteken letterlik *iets wat aan die brand is*. Miskien het hierdie wesens so majestueus geskyn dat Jesaja eintlik sê dit het sy oë gebrand toe hy na hulle kyk. Dit kan ook wees dat hulle voorkoms soos vuur en vlam gelyk het.

Maar die belangrikste besonderhede van hierdie hemelse wesens beskryf Jesaja in vers 2. Hy sê dat terwyl God op sy hoog en verhewe troon sit, staan die serafs gereed in aanbidding.

In nederigheid bedek hulle hulle oë en voete, want die Here se heerlikheid is so geweldig dat hulle nie waardig is om na Hom te kyk of voor Hom te staan nie!

➤ Tweedens beskryf Jesaja wat hy **hoor**:

Hierdie brandende hemelse wesens aanbid God en roep die heeltyd mekaar toe: *“Heilig, heilig, heilig is die Here, Heerser oor alle magte! Die hele aarde is vol van sy heerlikheid.”*

Trouens die geroep is so hard dat die *“deurpenne in die drumpel van die tempel gebewe”* het.

Terwyl hierdie toneel voor hom afspeel, het hy ook gesien hoe rook die hele tempel vul. Dit dra by tot die onbeskryflike aard van die gebeure. Dit is asof die heilige God nie terloops met onbedekte oë aanskou kan word nie.

Maar broers en susters, dit gaan nie net oor wat Jesaja sien en hoor nie, maar ook wat hy op daardie oomblik besef.

➤ Jesaja leer dat God die **ewige Koning** is. Aardse konings kom en gaan, maar die Here regeer vir altyd. Die wêreld kan verander, konings kan sterf, nasies kan opstaan en val, maar God bly dieselfde. Hy is ewig en almagtig.

➤ Maar terselfdertyd leer hy ook dat die Here God **heilig** is. Trouens, Hy is *drie-maal heilig*, Hy is die *allerheiligste*. Sy Heer die koning is onvergelykbaar op sy troon, ver bo die hele skepping. Boonop besit die Here onbeskryflike hemelse heerlikheid en majesteit.

Om net kortliks op te som: Toe Jesaja homself weer kon kry, verskyn hy voor die heilige Koning, die Here die almagtige. Sy oë sien dit, sy ore beleef dit, die hele toneel verkondig dit. En in sy hart tref die realiteit van die saak hom.

Dit is dus baie verstaanbaar hoekom Jesaja se roeping hom geruk het en sy wêreld verander het. Wie kan die Here die Almagtige sien en onaangeraak daarvan af wegstap?

2.2. Jesaja se reaksie

Maar nou draai Jesaja die fokus na homself.

Hy staan voor die troon van die Here, die Allerheiligste God. En op daardie oomblik word Jesaja oorweldig met nederigheid. Hier kom 'n sterflike, sondaarmens met al sy onreinheid en gebreke. En hy verskyn in die teenwoordigheid van die Ewige en Allerheiligste Koning van die heelal.

Daarom val hy op sy gesig neer en roep uit: *“Weë my, want ek is verlore! Ek is 'n mens met onrein lippe, en by 'n volk met onrein lippe woon ek. Ja, my oë het die Koning, die Here, Heerser oor alle magte, gesien.”*

Maar geliefdes, kyk net hoe wonderlik is die genade van die Here. Jesaja se gevolgtrekking oor die situasie is eenvoudig, hy sê *“dit is klaar met my.”* En tog... sonder dat hy dit verdien, strek God sy hand van genade uit.

Een van die serafs vlieg en haal 'n gloeiende kool van die altaar af. Sonder hierdie altaar kan 'n sondaar geen gemeenskap met God hê nie. Dit is op die altaar wat offers vir God gebring word om die sonde van die volk te versoen. Dan raak die seraf met die gloeiende kool aan Jesaja se mond en hy hoor die woorde: *“Kyk, dit het jou lippe aangeraak, jou sondeskuld het gewyk, daar is vir jou sonde versoening gedoen.”*

Maar dit is nóg die seraf, nóg die gloeiende kool wat Jesaja se sonde weggeneem het. Hulle is maar net tekens en simbole van God se versoening wat heenwys na Christus. Jesus en sy offer is die versoening vir ons sondes – nie net vir óns sondes nie; maar ook vir dié van die hele wêreld (1 Joh. 2:2).

In die Nuwe Testament lees ons: *“Dit alles kom van God af... Hy het ons deur Christus met Homself versoen... Dit bestaan daarin dat God in Christus die wêreld... nie hulle oortredings toereken nie.”*

Hoe wonderlik is dit nie? Jesaja ontmoet met die Here, hy besef hy is verlore. En net as hy dink dit is nou heeltemal klaar met hom, dan ontferm God hom oor sy dienskneg. Jesaja **sien** hoe die versoening na hom toe gebring word met die gloeiende kool. Hy **voel** en **beleef** hoe sy lippe aangeraak word. En hy **hoor** die wonderlike woorde: “*Kyk... jou sondeskuld het gewyk, daar is vir jou sonde versoening gedoen.*”

2.3. God se roeping

Nadat Jesaja se sondes vergewe is, hoor hy die stem van die Here wat vra: “*Wie sal Ek stuur en wie sal vir ons gaan?*” En sonder huiwering antwoord Jesaja, “*Hier is ek, stuur my!*” Dit maak nie saak **wat** die opdrag is nie, dit maak nie saak **waarheen** hy moet gaan nie, hy stel homself volkome beskikbaar vir die Koning se diens.

En die opdrag wat die Here vir Jesaja gegee het, was nie ’n maklike opdrag nie. Hy word geroep om te gaan verkondig aan ’n volk wat gaan hoor en hoor, maar nie wil luister nie. Hy moet gaan optree vir ’n volk wat sal kyk en kyk, maar nie sal sien nie. Trouens, die Here sê dat Jesaja se bediening die volk nóg meer ongevoelig gaan maak.

Maar Jesaja sê: “*Hier is ek, stuur my!*”

2.4. Ons ontmoeting, reiniging en roeping

Broers en susters. Jesaja verskyn voor die Here en sy lewe verander in 'n oogwink. Hy besef sy kleinheid en die Here se heiligheid. Hy beleef egter ook die versoening en genade. En dan wy hy homself volkome aan die Here en sy saak: *“Hier is ek Here, stuur my!”*

Maar besef u dan wel, dat iets van die gebeure wat Jesaja beskryf laas week ook voor ons afgespeel het met die nagmaal?

Dikwels voel ons asof die geestelike realiteit van Christus se versoening nie tot ons deurdring nie. Dit is asof die diepte en die werklikheid van dit wat God vir ons gedoen het, nie tuis kom nie. En om die saak erger te maak, openbaar God Homself as die Heilige en ontoeganklike Koning wat sonde en ongeregtigheid straf.

En met die nagmaal oorweldig hierdie besef ons gewoonlik. Want dan kom sit ons as klein, afhanklike en sondige mense, aan die tafel van die Ewige en Allerheiligste Koning (Ef. 1:21-23). Ons word weer herinner aan ons swakheid en sondeskuld. Ons kom met leë en smekende hande voor Hom.

En tog verkondig die nagmaalstafel nie oordeel nie, maar genade!

Ons **sien** hoe die brood gebreek word en die wyn geskink word. Ons sit saam aan tafel en **eet** en **drink** saam, ons **beleef** die teenwoordigheid van Christus en eenheid met mekaar. Die brood en wyn is tasbaar en eg. En soos ons dit eet en drink, **hoor** ons die wonderlike woorde van die evangelie: *“Kyk... jou sondeskuld het gewyk, daar is vir jou sonde versoening gedoen.”*

En deur hierdie eenvoudige tekens bevestig die Here weer sy liefde en genade.

Maar geliefdes, aan die tafel word daar ook vir ons verkondig dat God ons **voortdurend roep vir sy diens**. Ons is gou om te fokus op die versoening en genade van die Here. Ons kan maklik vashaak by wat die nagmaal vir ons beteken. Maar ons moet ook onthou dat die Heilige Koning by die nagmaal vra: *“Wie sal Ek stuur en wie sal vir ons gaan?”*

En broers en susters, as ons die evangelie verstaan en as die diepte van die nagmaal ons weer tref, kom die antwoord nie as’t ware vanself nie? Dan antwoord ons, soos die jong Samuel: *“Spreek Here, want u dienskneg luister!”* (1 Sam. 3:10).

- Dan behoort dit nie meer ’n kwessie te wees van: *“Ek is skaam of onseker nie.”*
- Dan kan ons nie sê: *“Niemand het my gevra nie, of ek weet nie hoe om betrokke te raak nie.”*
- Daar kan dan ook nie eintlik sprake wees van: *“Ek het nie tyd nie...”*

Ons diensbaarheid word nie gebore uit ons omgang met mense nie, maar uit ons ontmoeting met die lewende God! Ons Opdraggewer is die Allerheiligste, heerlike Koning van die heelal!

- As ek dán **sien** dat iets in die gemeente nie goed funksioneer nie, dan wag ek nie tot iemand dit oplos nie. Dan gaan bied ek eerder self aan en sê: *“hier is ek, gebruik my.”*
- As ek dan **hoor** dat daar nood in iemand se lewe is, skuif ek dit nie af op die ouderling of diaken nie. Nee, dan gaan ek na daardie persoon toe en sê: *“hier is ek, waarmee kan ek help.”*
- As daar Sondag na Sondag afgekondig word dat daar hulp benodig word by die terreinkommissie of rekenaar of katekisasie, wag ek nie tot die kerkraad iemand aanwys nie, maar dan gaan ek na die kerkraad toe en sê: *“hier is ek, gereed tot diens met die gawes wat God aan my gegee het.”*

Geliefdes, daar is niemand te jonk of oud, te arm of ryk, te slim of onkundig om diensbaar te wees nie. Hou op wag tot eendag. Die Here roep elkeen van ons om **nou** bereid en gewillig te wees om te dien. Al is die verwagting in die gemeente laag, onthou dan: die verwagting in die hemel is hoog!

3. Slot

Ek sluit af.

In die Nuwe Testament word die Kerk vergelyk met 'n liggaam. En die liggaam van die kerk funksioneer nie omdat die hand vir die voet sê dat hy moet loop, of omdat die knie vir die arm sê dat hy homself moet oplig nie. Nee, die liggaam funksioneer omdat die Hóóf, ons Here Jesus Christus, die opdragte gee. Laat ons dan na Hom luister en sê: *“Hier is ek Here! Stuur my!”*

Amen